

**28 November**

**Die Here is goed**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 9**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 9:8-11**

Die Here is goed! Hy gee in Christus vir ons groot geestelike rykdom. Wanneer jy jou geestelike rykdom besef, dan ontwikkel jy ook vrymoedigheid en mededeelsaamheid.

Die Here gee egter vir jou ook soveel aardse seëninge dat jy genoeg het om ander te help wat aardse nood beleef: “Hy bly altyd vrygewig” (vs 9). Daarmee roep Hy ons verder op tot vrygewigheid met die belofte dat ’n kind van God se vrygewigheid “’n ryke oes oplewer” (vs 10). Daardie ryke oes is onder andere om te aanskou hoe hulle wat so deur jou gehelp word, met vreugde die Here dank dat Hy hulle so versorg. Nie jy nie, maar God kry die eer, en wanneer God die eer kry, dan verbly elke kind van God hom in sy hemelse Vader wat nietige mense gebruik om sy liefde te bedien.

Is daar groter beloning as dit? Wat God by jou gesaai het, lewer ’n oes op in die huise van ander mense wat na Hom opkyk. So word God se oes ryp. Mense wat gee, verkondig met hulle dade ’n God wat ryk is. Mag ander in jou vrygewigheid sien dat jou hemelse Vader ’n God van oorvloed is.

*Sing: Psalm 119:22 (1936)*

*Prof. Rikus Fick (Teologiese Skool)*